

Vrydag 26 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-3 (17 Julie 2011)

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:1-2a

God se genade spoor ons aan om te volhard in die geloofswedloop

In ons Skrifgedeelte vind ons die beeld van 'n wedloop: ons lees van 'n skare, 'n wedloop, volharding, hardloop en moeg word. Die Hebreërgemeente het die gevaar geloop om in die geloof tou op te gooi, en daarom moedig die skrywer hulle aan tot volharding in die geloof. Om hierdie geloofswedloop suksesvol te kan voltooi, is drie dinge nodig:

Vergemaklik jou wedloop deur al jou laste en sonde af te gooi

Enige atleet wil die wedloop so gemaklik as moontlik hardloop. Die laste waarna hier verwys word, dui op enigiets wat vir die atleet ekstra bagasie is. Watter laste verhinder jou om voluit te hardloop in jou geloofswedloop? Skuldgevoel, skewe prioriteite, bekommernisse oor die toekoms? Raak daarvan ontslae. Jy hoef nie daarmee te hardloop nie. Christus het jou vry gemaak. Raak ook ontslae van die sonde wat jou so maklik laat struikel en val.

Hardloop jou wedloop met volharding

In die geloof is ons nie besig met 'n naelloop van 'n paar honderd meter nie; ons is besig met 'n langafstandwedloop! Ons opdrag is om met "volharding" die wedloop te hardloop. Volharding is die inspanning om aan te hou hardloop tot by die wenpaal verby al raak jy moeg. Maar hoe kry ons dit reg?

Vestig jou oog op die Here Jesus

Soos 'n atleet een doel voor oë het, so moet ons nie links of regs afwyk van ons fokus nie: Christus. Ons moet ons "oog op Hom gevestig hou". Kyk na Hom en alles wat Hy gedoen het en steeds doen, dan sal jy nie moeg word en uitsak nie.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)